IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.33 VOL. 368 PG 21187 - 21 245

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-03-17

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 368

(Bladsye 21 187 - 21 245)

COURT RESUMES ON 17 MARCH 1988.

ROSELINA MBONANI, d.s.s. (Through interpreter)

FURTHER EXAMINATION BY MR BIZOS : After the funeral, did any ceremony or anything happen at your home? -- Yes.

What? -- We went home to wash hands. Ater having done that, some food was served and people had meals.

Who provided these meals and at whose cost were they? -- At the expense of the family.

Did any violence take place either near your home before the funeral, the march, and the stadium, at the cemetery or when the people returned to wash their hands and eat at your house? -- No.

In relation to the children boycotting the schools, was there a difficulty at the school shortly before your son died? -- Yes, there was.

Did you have any children at school other than the son you lost? --Yes, I had.

How many older than him? -- Two older than the deceased.

Were they your daughters? -- Yes.

COURT : Were they in the same school as he was? -- No, they were not. They were in the high school.

MR BIZOS : Did your daughters participate in this boycott? -- Yes, they did.

COURT : Was there also a boycott at the higher primary school where your son was? -- Yes, there was.

MR BIZOS : Did you discuss this boycott with your children? -- Yes, we discussed it.

Why were they taking part in this boycott? -- When I asked them as to why, they told me the reason was because of the age limit.

COURT : How did that affect your son in the higher primary school? -- That I do not know, but what I can tell the court is that they all came back from school during the boycott including him.

MR BIZOS : What standards were your daughters in? -- Do you mean at present?

No, in 1984? -- The elder one was in St. 8 and the other one younger than this one, was in St. 7.

How old were they in 1984 when they were in these standards? Can you perhaps tell us their ages now and we can work it out?-- The elder one is 21 at present and the other one is 19.

And are they still at school? -- Yes.

What was the age limit that they were complaining about? -- 18.

COURT : How long did this boycott last? -- Although I cannot remember exactly, but I would say, if my memory serves me well, during the year 1985 things had bettered. Things were better then.

I want to know whether it was just for a week or a day or half a year? -- If I remember well, it took months.

And when did it start? How long before you son died? -- About ten days if I am correct that it had started. Then my son died.

MR BIZOS : Was the boycott continuous or did they stay away and go back and then stay away again? -- At the beginning of the whole thing, yes, they would go and then some of the days they do not and that was the position.

COURT : And later? -- They ended up staying at home without going to school any more.

MR BIZOS : Your son, did you determine whether he was

injured/...

injured at school or at some other place? -- I did not know where exactly he got injured, because when he left home, it was because I had sent him.

COURT : To school? -- I had sent him to a vegetable shop at our shopping centre.

MR BIZOS : At what time did you send him there? -- At about 16h00.

Had he gone to school on that day or had he remained away from school? -- They went to school that morning and came back later.

At the end of the school day or did they come back earlier than usual? -- They came back before time.

On this question of the age limit on children not being able to go to school if they reach the age of 18, how did you personally feel about this question? -- Even though I did not feel happy about it, but I was just feeling that the children should still be going to school.

Did you encourage your children to go to school? -- Yes.

And what was the attitude of the older ones about this? -- I sat down with my children and discussed this thing of their going back to school at which they told me that they are also supposed to do what the other school children are doing, meaning that they also have to be part of what is happening at school.

COURT : Was there pressure on them or did they do it voluntarily? -- That was not mentioned whether there was any pressure or they were doing it voluntarily. All they said to me was that they are also expected to do what the other children are doing.

MR BIZOS : What standards are your older children in now?

-- The elder one is repeating matric.

And the other? -- The other one is doing standard 9.

If this age limit was enforced it follows that your children would not have been in school today?

COURT : I think that follows.

MR BIZOS : Did you realise at the time that this boycotting and trouble at school was going on that it may affect your own children? -- Yes.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : In 1984 het die kinders deurgekom wat in die skool was? -- Nee, hulle het nie deurgekom nie.

Is dit reg dat hierdie skoleboikotte het in alle erns begin aan die begin van Augustus 1984? -- Ja.

En voor dit was daar nie toe ook al aan en af sulke skermutselinge by die skool of boikotte by die skool of skole gewees? -- Voor Augustusmaand sê u?

Ja? -- Nee.

Die skoleboikotte, u het gesê u het dit bespreek en die kinders is ook soort van verplig om daaraan deel te meem, dan was dit seker ook aan u bekend dat dit eintlik COSAS was wat hierdie boikotte gereël het by die verskillende skole? -- Nee, hulle het dit nie vir my gesê nie.

Het jy nooit belang gestel en by jou kinders probeer uitvind wie reël hierdie nou hierdie goeters dat hulle moet deelneem aan boikotte teen hulle sin nie? -- Ek wou geweet het, ja.

Dan het jy tog seker uitgevind? Dit was mos nie 'n geheim gewees nie, was dit? -- Dit was nie 'n geheim gewees nie, maar wat die kinders aan my gesê het was dat al die skoolkinders gaan nie skool toe nie.

Wat/...

Wat het hulle vir jou gesê toe jy vir hulle gevra het wie organiseer dit, wie reël dit? -- Ek het nie van die kinders gevra wie die hele ding georganiseer het en wie dit begin het nie. Toe hulle almal vir my gesê het dat al die skoolkinders nie skool toe gaan nie, was ek tevrede en ek het toe besluit die beste vir my om te doen is om hulle net so te los, wat ek dan toe gedoen het.

Weet jy of daar 'n COSAS ouervereniging daar gestig was in Daveyton? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het jy kennis daarvan gedra dat dit nie net een grief was nie, maar dit was 'n hele klomp griewe wat geopper was daar in Daveyton? -- Nee, ek weet nie.

Was dit nie een van die eise wat hulle gestel het en een van die redes waarom hulle geboikot het, is dat hulle wou soos dit genoem word "democratically elected SRC's", studenterade gehad het nie? -- Deur wie gekies moet word? Deur die kinders?

Ja? -- Nee.

Het jy nooit gehoor daar in Daveyton dat daar gepraat word of gesê word dat hulle SRC's of studenterade wou hê nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Selfs nie by jou eie kinders nie? -- Nee.

Het jy nie gehoor dat hulle ook geëis het daar in Daveyton ook dat lyfstraf opgeskort moes word in die skole nie? --Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Het jy nie ook gehoor dat dit 'n eis was dat daar 'n einde gebring moes word aan "undemocratic education" nie? -- Nee, ek het nie.

Was daar ook nooit eise gestel dat studente, skoliere, wat aangehou was daar in Daveyton moet ook eers vrygelaat

word/...

word nie? -- Nee.

Star Motswege, ken jy hom? -- Nee, ek ken hom nie.

Het hy nooit daar by jou kinders gekom of met hulle te doen gehad nie? -- Nee.

En Aubrey Nxumalo? -- Ek ken hom nie.

Lungile Sonte? -- Ek ken hom ook nie.

Jou kinders daar by die skool, het hulle behoort aan COSAS? Het hulle lidmaatskap gehad van COSAS en het hulle fooie betaal aan COSAS? -- Nee.

Het u kennis gedra van die beweging ERAPO in Daveyton? -- Nee, ek ken hulle nie.

Dit staan bekend as The East Rand People's Organisation? -- Nee, ek ken dit nie.

Het jy nooit van so 'n organisasie gehoor nie? -- Nee, ek het nie gehoor nie.

HOF : Dit is nie Ratepayers Organisation nie?

MNR. JACOBS : Ek is jammer. East Rand Ratepayers Organisation. Dit is eintlik People's Organisation. Die ratepayers is in Vereeniging.

HOF : U is miskien heeltemal reg. Ek het net gewonder. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

MNR. JACOBS : Wil jy vir die hof sê dit is vandag die heel eerste keer wat u van so 'n organisasie hoor? -- Ja, dit is die heel eerste keer. Ek weet nie daarvan nie.

Het jy 'n persoon geken met die naam van Solly Klaas daar in Daveyton? -- Nee, ek ken hom nie.

En 'n persoon met die naam van Botence Mohabe.

MR BIZOS : He is also known as Boris.

HOF : Mohapi?

MNR. JACOBS : Die spelling wat ek uit die oorkonde gekry

het/...

het is Mohabe. Dit kan Mohapi wees. -- Nee, ek ken hom nie.

Of Mohapi? -- Nee.

Ken u ŉ persoon met die naam van Ezekiël Khubega? -- Nee, ek ken hom nie.

En ŉ persoon met die naam van Vincent Francis? -- Ek ken hom ook nie.

Is dit nie so dat toe hierdie gesamentlike begrafnis gehou was was dit onderling gereël deur die families en organisasies dat julle ŉ gesamentlike begrafnis hou nie? -- Dit is reg.

So, al vier julle families moes bymekaar gekom het saam met mense van die organisasies? -- Watter organisasies? Watter soort?

Wat die begrafnis sou reël en so aan? Is dit nie so nie? -- Hoe reël?

Kyk, die begrafnis in die stadion het nie sommer uit die lug uit geval nie, stem jy saam, dit moes gereël word so? -- Al wat my man aan my oorgedra het was dat die families, dit wil sê die vier families persoonlik reëlings getref het vir die begrafnisse en met hierdie reëlings was daar skoolkinders by gewees naamlik die COSAS wat te doene gehad het met skoliere.

Ons sal net ŉ bietjie duidelikheid kry. So, die vier families se mans het dan die begrafnis gereël en met hulle gereël dat COSAS se mense ook sal help.- Is dit wat u sê? -- Ja, dit is so.

Het ERAPO nie ŉ leidende aandeel gespeel in die reëling van hierdie begrafnis nie? -- Nee.

Wie het gereël dat julle die stadion gekry het? -- Ek weet nie van baie dinge nie, want my man was daarby

betrokke/...

betrokke om alles te reël.

Maar jy en jou man het dit tog seker bespreek toe julle besluit het die vier families moet saam begrawe, dat hulle sal die stadion reël? -- Ja, ons het dit bespreek.

Nou ja, dan het hy tog seker gesê dat hy of een van die ander ouers het gaan reëlings tref of sal reëlings tref oor die stadion? -- Die terugrapportering van my man aan my in verband met die reëlings was soos volg. Elke keer wat hy na my toe kom en vir my sê dat hulle nou dit en dit gereël het, met ander woorde alles is gereël, elke keer wat hy vir my kom sê dit is gereël het ek hom ook nie uitgevra wie dit gedoen het en wie dat gedoen het nie.

Was dit julle bedoeling gewees met hierdie begrafnis dat daar sprekers van elders moes kom om op hierdie begrafnis te praat? -- Dit was aan my so genoem dat dit wel so bespreek was toe die reëlings getref is dat die begrafnisse bymekaar gehou sal word, het hulle toe die kwessie van mense wat van buite af gekom het ook daar bespreek, dat daar sulke persone gaan wees wat toesprake sal maak.

HOF : Ek neem aan dit is vier jong kinders wat oorlede is? -- Nee.

Nie? -- Dit was drie seuns en een dogter.

Was hulle almal skoolkinders? -- Ja, hulle was skoliere.

En is hulle by dieselfde geleentheid dood? -- Ja.

MNR. JACOBS : En die vier families het besluit dan wie sal die sprekers wees wat van elders af gekry sou word? -- Ja, dit is so.

Hoekom het die families besluit dat biskop Tutu moes 'n spreker wees op daardie begrafnis by die stadion? -- Ons het ooreengekom daaromtrent omdat biskop Tutu ook maar 'n predikant/...

predikant is.

So, jy sê ons het ooreengekom. Was jy deel van die - het jy die vergadering of die besluitneming bygewoon toe hulle besluit het dat biskop Tutu 'n spreker moet wees? -- Nee. Wat ek daarby bedoel is dat toe my man vir my die boodskap daar oorgedra het dat dit so besluit was, het ek ook saamgestem met hom dat daar geen fout daarmee was nie. Nie dat ek by was by die besluit nie.

Was dit ook besluit gewees dat ander organisasies sprekers moet stuur?-- Watter soort organisasies praat u van?

Jy sal vir my kan sê, ek was nie daar nie, het julle besluit dat sprekers van ander organisasies ook genooi moet word om toesprake te lewer in die stadion? -- Mense soos biskop Tutu.

Watter organisasie moes hy verteenwoordig het op hierdie begrafnis? -- Wie? Die biskop?

Ja? -- In sy toespraak daar het hy sy simpatie oorgedra aan ons, die families wie kinders verloor het en ook namens die kinders gepraat.

Moet nie my vraag ontwyk nie, asseblief. Ons mors net tyd daardeur. Ek vra vir u watter organisasie moes biskop Tutu verteenwoordig het op daardie begrafnis in die stadion? -- Ek noem hom as een van die persone wat daar gepraat het. In sy toespraak het hy uit die bybel aangehaal. So, ek het hom aangeneem soos enige ander predikant wat daar gepraat het. Met die gevolg dat ek nie eintlik enige besluit geneem het dat hy miskien aan enige organisasie kon behoort het nie.

Jy het gesê dat daar is besluit dat organisasies moet sprekers stuur. Nou vra ek vir jou wat was die besluit watter organisasies moes sprekers gestuur het? -- Wat is die

organisasie/...

organisasie wat u van praat?

Ek praat van die organisasies wat jy gesê het daar was besluit gewees dat die organisasies moet sprekers stuur? -- Die ooreenkoms was dat daar gaan sprekers wees by hierdie stadion en een van hulle is biskop Tutu. Ons het daarvan geweet dat hy daar teenwoordig gaan wees. So ook ander predikante van ander plekke af.

Het julle besluit dat UDF sprekers moes stuur na hierdie begrafnisse toe? -- Ek het nie van die naam UDF gehoor nie.

Nooit nie? -- Nooit nie.

Tot vandag toe nie? -- Al hoor ek dit nou na die begrafnis weet ek nie wat dit beteken nie, maar met betrekking tot die begrafnis het ek dit nie gehoor nie.

Het julle daar besluit dat COSAS 'n spreker moet stuur om te praat in stadion?

MR BIZOS : The witness has said that she was not party to the decisions. In her evidence-in-chief she said that she was withdrawn in her bedroom. I have allowed the hearsay as to what her husband said as part of the res gestae, but the question comes back "Het julle besluit." The decision was really taken at a meeting or meetings which she never attended and we may finish up with a mixed-up record.

COURT : It would not mix me up.

MR BIZOS : I am sure not, perhaps he should be a bit more careful in the asking of questions.

MNR. JACOBS : Ek het na die "ons het besluit" oorgegaan toe sy op 'n stadium die woorde gebruik het in antwoord "ons het besluit om dit so te doen."

HOF : Dan moet u nou twee dinge uitmekaar haal. Die een is die besluit tussen die familiehoofde en miskien ander mense

daarby/...

daarby en die ander is die besluit tussen haar en haar man toe hulle dit bespreek het. Sy kan nie die goed deurmekaar gooi nie.

MNR. JACOBS : Dra jy kennis dat daar sprekers sou moes gewees het van UDF? -- Nee.

Het jy kennis gedra dat daar sprekers sou moes gewees het van SOYCO? SOYCO synde Soweto Youth Congress? -- Nee.

Dra jy of het jy kennis gedra dat daar sprekers sou gewees het van COSAS? -- Nee.

Of van ERAPO? -- Nee.

Het julle ʼn program opgetrek vir hierdie begrafnis? -- Ek kan nie meer onthou of daar enige program opgetrek was nie.

Kom ons maak dit vir jou makliker. Kyk na hierdie dokument. Is dit nie die program wat julle opgetrek het vir hierdie begrafnis nie? -- Ja, dit is die program.

Ken jy die program? -- Nou dat ek dit sien, ja, ek ken dit.

En jy het dit daardie tyd gelees? -- Nee, ek het dit nie gelees nie.

Julle het dit gekry om dit te versprei? -- Soos ʼn persoon wat daar betrokke was in die sin dat daar ʼn kind van my dood was, het ek nie die meeste van die goed wat daar plaasgevind het gesien nie.

Jy sien, hierdie dokument wat jy nou voor jou het wat jy sê is die program, is uitgereik deur ERAPO en die families? -- En die families?

Ja, die oorledenes se families? Dit staan heel onder aan as u dit wil lees "Issued by ERAPO and bereaved families." -- Wat staan daar geskryf?

Kan jy lees? -- Nee.

Issued/...

"Issued by ERAPO and bereaved families". Enige kommentaar daarop? -- Soos wat?

Dat ERAPO deel gehad het aan die uitreiking van hierdie program van julle vir die begrafnis? -- Soos wat?

Soos die uitreik van hierdie program? -- Soos ek gesê het, ek het dit nie gesien nie.

Maar jy moes tog daar geweet het van ERAPO. Dan is jou getuienis dat jy niks weet van ERAPO af nie, nie reg nie?

HOF : CA29.

MNR. JACOBS : CA29. -- Nee, ek getuig hier oor wat van weet en wat ek gesien het. Wat ek nie van weet en nie gesien het nie, sal ek nie oor getuig nie.

Jy sien, ek wil dit ook aan jou stel dat ERAPO 'n deel gehad aan die uitnooi van die sprekers na hierdie begrafnis toe, te wete sprekers van COSAS, sprekers van SOYCO en sprekers van ERAPO? -- Ek weet nie daarvan nie.

En dat spesifiek van die UDF is twee sprekers wat by name genoem word hierso wat die familie en ERAPO genooi het. Dit is Father S. Mkhwatshwa en biskop Tutu? -- Deur ERAPO genooi?

En die families? -- Ek het nie daarvan gehoor nie.

Wie as die seremoniemeester gewees op hierdie begrafnis daar by die stadion? -- Nkoane, die predikant het die werk daar geopen by die stadion.

Die "master of ceremonies", die seremoniemeester op daardie begrafnis was hierdie man wat jy gesê het jy nie ken nie, Star Motswege? -- Ek weet nie daarvan nie.

HOF : Weet u wat 'n seremoniemeester is? -- Aan my is dit bekend as 'n MC. Ek weet wat sy pligte is. Hy is byvoorbeeld die persoon wat sê wie moet nou opstaan en wie gaan nou die volgende spreker wees.

Wie/...

Wie was die persoon wat dit gedoen het by die stadion? -- Ek kan nie meer onthou wie die persoon is nie, want daar was baie mense gewees daar.

MNR. JACOBS : Tydens die gebeure op die stadion, kan u onthou dat daar baie slagspreuke daar geskreeu was? -- Waar? Uitgespreek het waar? Mondelings?

Hoe skreeu 'n mens anders uit? Hoekom wil jy nie my vraag antwoord nie? -- Wat ek gehoor het daar by die station is die predikante wat gepreek het en die simpatie aan die families oorgedra het. Op sekere stadiums het ek wel gehoor dat kinders skreeu "Amandla! Amandla!" Dit is al wat ek daar gehoor het.

Jy kan tog nie net sekere dinge onthou nie. Jy moes tog die algemene prentjie daar onthou het? -- Dit moet nie uit die oog verloor word dat ek verloor het daar nie. My kind was dood. Op 'n stadium het dit geword dat 'n mens histeries geraak het dat ek nie alles kan hoor wat gesê word in daardie tydperk nie. So, ek kon nie alles gehoor het nie.

Is dit nie so dat daar op die stadion en dit is hoekom u histeries geraak het, aanhoudend geskreeu is "Tambo! Tambo! Tambo!" sommer vir lang tydperke aanmekaar nie? -- Nee, ek weet nie. Moontlik in die tyd wat ek nie kon hoor nie, wat ek nie my aandag op die dinge kon vestig nie. Ek kan nie sê nie, maar op die stadium wat my aandag op die gebeure daar toegespits was, het ek niks daarvan gehoor nie.

Was daar nie "Mayibuye" ook geskreeu kort-kort daar op daardie vergadering nie? -- Deur wie?

Deur die mense? -- Buye? Wat van buye?

"Mayibuye e Afrika"? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie, want hierdie gebeure het lank gelede plaasgevind.

U/...

U sien, ek wil dit aan u stel dat u het net hier na die hof gekom om net sekere dinge wat u kamma onthou het te kom sê en dit is net dat daar simpatie betuig is en dat daar niks verder gebeur het by daardie geleentheid nie? -- Ja, ek het niks gehoor nie, want wat ek kan onthou wat plaasgevind het is net die kerkdiens wat gehou is. Verder was daar nie vergaderings gewees nie.

Ek wil dit aan u stel dit is waar u die hof probeer mislei. Doelbewus probeer u nou vir die hof mislei om te sê daar was nie ŉ vergadering nie? -- Met my ore het ek (10) gehoor dat daar gepraat word van kerklike dinge en die kerkliedere. Verder met my oë het ek nie die meeste van die dinge daar gesien nie.

HOF : Laat ek net duidelikheid kry nou. Ons praat nou van die stadion? -- Ja.

Afgesien van die predikante wat daar gepraat het, lyk dit volgens hierdie program of daar nog ander sprekers ook was. Is dit reg? -- Daar was vreeslik baie mense gewees. Ek weet nie of daar nog ander mense was wat gepraat het nie.

Nee, maar as u praat van vreeslik baie mense, dan (20) neem ek aan dat die pawiljoene vol was. Is dit so? -- Ja.

Ek praat nou nie van die gehoor nie. Ek praat van sprekers. As u sê daar was vreeslik baie mense, bedoel u daar was vreeslik baie sprekers? -- Wat my betref wat ek onthou daar plaasgevind het was dat die kerkdiens daar geopen was deur eerwaarde Mkhatshwa en deur hom ook gesluit. ŉ Toespreker wat ek onthou was die biskop en wat die afsluiting van die werk gedoen het, was ŉ persoon wat namens die families daar gepraat het.

Ja, dit is waarom ek u vra, want volgens die program (30)

was/...

was daar sprekers van COSAS en van SOYCO en van ERAPO. Sê u hulle het nie gepraat nie? -- Ek het hulle nie gehoor praat nie.

MNR. JACOBS : Kom ons kry die prentjie net mooi bymekaar. Die vier families was bymekaar gewees. Is dit reg? Dit is nou daar waar julle gesit het in die stadion? -- Ja, ons het bymekaar gesit.

Daar waar julle gesit het, was ook ŉ mikrofoon gewees? Of ŉ luidspreker? -- Ek het dit nie gesien nie, want ons was daar onder gewees waar ons gesit het naby die mense wat praat. Dit kan wees dat dit daar bo was vir die mense wat bo gesit het om te kan hoor wat daar gesê word.

En by die plek waar julle as die familie gesit het waar die luidspreker was, het ook die gassprekers gesit? -- Ja, hulle was nie ver van ons nie.

Dit was nie net biskop Tutu gewees nie, maar dit was ŉ hele paar van hulle gewees? -- Volgens my gewoonte as Ndebele, as ŉ lid van jou familie dood is of ŉ kind van jou, jy as moeder word met ŉ kombers oor die kop toegegooi. Eintlik mag jy nie rondkyk nie. Jy kyk eintlik na niemand nie.

Is u getuienis nou dat u was met ŉ kombers oor die kop toegegooi daar op die stadion? -- Ek was nie hierdie keer met ŉ kombers toegegooi nie, maar met ŉ kopdoek wat oor my kop was en gedeeltelik my uitsig belemmer het dat dit voor my oë gehang het.

Het dit jou hele uitsig belemmer en moes mense jou lei? Kon jy nie sien nie? -- Ja, daar is mense wat jou lei as jy loop.

En jy kon niks gesien het nie? -- Vir ŉ oomblik kan jy jou kop ŉ bietjie oplig kan jy dinge sien, maar jy kan nie

alles/...

alles sien in daardie kort tydjie nie. Dus sou ek nie in staat gewees het om die mense te kan tel wat daar naby ons was om vir u te kan sê hoeveel hulle was nie.

Want u moes tog gesien het, die ander families sit daar, u moes tog gesien het die gassprekers sit daar. Dit het u vir die hof gesê het u gesien? -- Ja, soos ek sê, jy kan mense sien hier naby jou, maar jy sal nie kan tel hoeveel van hulle daar is nie.

Is dit nie so nie dat as jy kan sien kan jy ook tel? -- Nee, maar met hartseer het jy nie tyd om te tel nie.

Ja, dit is iets anders, maar u het u nou gesê was belemmer deur 'n doek wat oor u kop gegooi word. Dit was nie so nie. U het gesien en u kon tel? -- Nee, jy sal nie kan tel nie.

En u kon ook sien toe biskop Tutu gepraat het? U het hom ook gesien en herken? -- Met my aankoms daar was ek in staat gewees om hom te kan sien, maar tydens sy toespraak kon ek hom nie sien nie. Ek het net sy stem herken.

Dan moes jy tog die ander sprekers gehoor het al het jy hulle nie gesien nie? -- Ek het hulle gehoor soos ek tel. Ek weet net nie van die drie waarvan u praat nie wat vir daardie organisasies gepraat het. Dit is die drie wat ek nie gehoor het nie.

Toe u nou vir biskop Tutu ook daar gesien het, het u gesien hy is daar waar die ander sprekers is? -- Ja, by die tafel.

En is dit reg as die mense so begin skreeu, of dit nou "Amandla" is en of dit nou "Tambo" is, dan staan hulle op en hulle skreeu dit ritmies hard en hulle trap rond? -- Waar? Daar waar ek was?

Daar/...

Daar by daardie begrafnis in die stadion. Ons praat van die stadion? -- Nee, wat ons begrafnis betref was daar nie daardie tyd gewees nie, want die tyd was min.

Sê u dit het glad nie gebeur by daardie stadion nie? -- Nee.

Ons sal daarby kom. Kan u vir die hof sê was daar liedere gesing by die stadion? -- Ja.

En die liedere is nie afgekondig deur die predikant en gesê "Ons gaan nou dit sing en dit sing" nie, maar die singery het ontstaan oor die hele stadion sonder afkondiging? -- Ja, maar wat gebeur het is dat die seremoniemeester het altyd gesê "Nou gaan ons sing" en dan begin die gehoor te sing.

HOF : Het hy die naam gegee van die lied dan of het hulle sommer begin sing? -- Nee, hulle het net gesing sonder dat hulle gesê het watter een.

MNR. JACOBS : En van die liedere wat hulle gesing het was ook oor Umkhonto we Sizwe? -- Nee, die liedere wat ek onthou wat gesing was, wat selfs deur die kinders by my huis gesing was, is die volgende. Nkosi Sikilele, Senzeni na en nog 'n derde een Hamba Kahle en dan noem hulle die naam van 'n oorledene in die woorde van Hamba Kahle.

Dit is nie al liedere wat by daardie stadion gesing is nie. Is dit nie reg nie? -- Die res was die kerkliedere gewees wat gesing was deur ons gemeente wat daar teenwoordig was.

Is daar nie ook van Mandela gesing nie? -- Ek kon hoor dat Mandela genoem word, maar ek kon nie volg wat gesê word nie, Byvoorbeeld partykeer sing hulle in Engels.

Laat ons dit net duidelik kry. Is die Mandela genoem in die toespraak of is dit genoem in die liedere? -- In die

singery/...

singery het ek van die Mandela gehoor.

In geen toesprake nie? -- Nee.

Was daar gesing van Oliver Tambo? -- Nee, daar was nie gesing van hom nie.

Is daar gesing oor bazooka? -- Nee.

Was daar nie gesing ook van "Voetsêk polisie" nie? -- Nee. Die nag toe ons by die kerk daar was, was die diens gehou deur die predikante. So, die kinders het nie kans gehad om enigiets te doen nie.

Na watter nag verwys u nou wat daar ŉ diens by die kerk was? -- Dit is die vorige nag voor die dag van die begrafnis.

Is dit nou by die nagwaak wat u van praat? -- Ja.

Was die nagwaak by die kerk gewees? -- Nee, by my huis.

Maar ek het vir jou spesifiek gevra by hierdie stadion was dit daar gesing?

HOF : Ja, maar laat ons nou net duidelikheid kry. Ek begryp dit nou nie. Die nagwaak was by u huis. Wat is die nag wat u by die kerk was? -- Ons was by my huis gewees. Ons was nie kerk toe nie.

Wat het u bedoel toe u gesê het "Die nag toe ons by die kerk was"? -- Ek praat van die kerkdiens wat by my huis gehou was.

MNR. JACOBS : Was die kerkdiens in die nag gehou? -- Ja.

Hoe laat in die nag? -- As daar ŉ dood is hou ons ŉ nagwaak vanaf 23h00 die nag tot om 04h00 die oggend.

Ek praat nou nie van die nagwaak nie. Ek praat van die kerkdiens wat by jou huis gehou is in die nag? -- Ja, ek praat daarvan dat die 23h00 die aand begin het tot 04h00 die môre.

So/...

So, was dit 'n kerkdiens gewees wat 'n predikant daar gehou het en gepreek het en uit die Bybel gelees het en so aan? -- 'n Kerkdiens wat gehou word met 'n nagwaak is nie net bedoel vir die predikant om te preek nie. Al die mense wat daar teenwoordig is word kans gegee om te preek. So, hy is nie die enigste een nie.

Goed, ons sal terugkom na die nagwaak toe. Jy het my nog nie geantwoord nie. By die stadion, jy het my vraag ontwyk, het ek vir gevra of daar nie ook gesing was oor "Voetsêk polisie" nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Kan ek net duidelikheid kry. Hierdie vier koste, wanneer het hulle die eerste keer bymekaar gekom dat hulle nou die vier oorledenes bymekaar is? -- In die stadion, die dag van die begrafnis.

Die kis van wyle u seun, was hy van jou huis af direk na die stadion toe geneem? -- Ja.

En van u huis af tot by die stadium was daar 'n stoet wat saam met die lyk gegaan het? -- Ja.

En die stoet, waaruit het dit bestaan? Uit voetgangers of waaruit? -- Die meeste mense was voetgangers gewees. Ek was in 'n voertuig.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

ROSELINA MBONANI, nog onder eed

HOF : Mnr. Bizos en mnr. Jacobs, my assessor het my meegedeel dat hy 'n persoonlike probleem het op Donderdag, 31 Maart en dat ons dus op daardie dag nie sal kan sit nie. Dit moet ongelukkig, dit kan nie anders, aandag kry op daardie dag.

So, ons sal dus een dag vroeër verdaag as wat ons op gereken het.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ons het

laaste/...

laaste gekom waar u gesê het daar was 'n voetgangerstoet wat ook agter die karre gekom het toe die lyk van die huis af na die stadion geneem was. Was dit 'n groot klomp mense gewees? -- Ja, hulle was baie, maar nie soveel nie.

Was dit 'n paar honderd gewees? -- Nee.

Kan jy vir ons 'n idee gee hoeveel is baie, maar nie so baie nie? -- Omtrent twintig.

Wat geloop het? -- Ja.

Was daar baniere gewees? -- Nee, daar was nie.

Het COSAS nie baniere gehad by daardie stoet vanaf die huis na die stadion nie? -- Nee, daar was nie.

En plakkate? -- Nee.

By die begrafnis self in die stadion, het jy daar baniere gesien? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Of plakkate? -- Nee.

Van die stadion af, is die vier kiste saam geneem van daar af gelyktydig in een stoet na die begraafplaas toe? -- In voertuie vervoer?

Ja, is hulle saam geneem? Is al vier gelyktydig saam geneem na die graf toe? -- Ja.

En agter die kiste het daar een stoet gevolg? -- Ja.

Is die kiste gedra daarvanaf na die graf toe?

HOF : Van waar af?

MNR. JACOBS : Van die stadion af? -- Ja.

En is al vier die kiste gedra deur jong mense van COSAS? en ERAPO? -- Ek het aanvaar dat dit skoolkinders was.

Het hulle T-hemde aangehad? -- Ja, daar is van hulle volgens ek gehoor het wat T-hemde aangehad het.

COSAS T-hemde? -- Ja.

ERAPO T-hemde? -- Nee, ek weet nie van ERAPO s'n nie,

maar/...

maar ek het gevra oor die wit T-hemde wat daar was. Wat aan my gesê is, is die volgende dat dit die T-hemde van COSAS was. Ek weet nie van ander T-hemde nie.

Toe jy nou by die graf gekom het, die mense wat die kiste dra en wat die T-hemde aan het, het jy gesien wat staan op hierdie T-hemde? -- Nee, al wat ek kon sien was 'n swart merk aan die voorkant op die bors en letters wat daar op geskryf is.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan u goed lees? -- Nee, ek kan nie so goed lees nie. Ek het vir my kinders gevra wie daardie persone is met die T-hemde wat wit was. Dit is die kinders wat vir my gesê het dat dit COSAS se T-hemde was.

MNR. JACOBS : En die mense wat agter die vier kiste gevolg het, het hulle geloop? -- Ja.

En die kiste wat gedra was deur hierdie jongelinge was dit skouerhoogte gedra? -- Ja.

Was daar baniere gewees in die stoet wat die vier kiste gevolg het? -- Ek het een gesien wat daar was.

Net een? -- Ja. Wat ek gesien het was net een.

Het jy plakkate gesien? -- Nee.

In die stadion self toe dit daar was, was daar baniere opgehou waar die mense gesit het? -- Nee, ek het dit nie gesien nie, want selfs die een wat ek by die begrafnis gesien het by die begraafplaas het later daar gekom.

Het jy geweet wie se banier is dit wat jy by die begraafplaas gesien het? -- Ek het nie geweet nie, maar toe ek navraag gedoen het was ek gesê dit COSAS s'n was.

Is hierdie kiste toe by een geleentheid ook begrawe daar by die begraafplaas? -- Ja.

Ek wil aan u 'n dokument toon wat ek aan u sal lees

waarin/...

waarin dit gestel word dat die man wat gevra het vir die toestemming dat die stadion gebruik kan word is 'n mnr. Vincent - Francis Vincent. Dit is 'n skrywe gerig aan ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wag nou net so 'n bietjie. Op watter basis plaas u hierdie dokument voor my? Hoe gaan hierdie getuie hierdie dokument identifiseer?

MNR. JACOBS : Ek wil net vir haar vra of sy kennis dra van hierdie dokument.

HOF : As sy sê ja, sal ek verbaas wees en dan kan u hom inhandig.

MNR. JACOBS : Dra jy kennis van 'n brief wat geskryf was deur mnr. Francis Vincent wat toestemming gevra het dat julle die stadion mag kry? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Gedurende daardie tye van die onluste, was u bewus daarvan dat daar sekere eise gestel was wanneer daar begrafnisse gehou word dat daar reëls vasgelê was wat die landdros bepaal het dat julle toestemming moes kry van die landdros en die reëls? -- Nee, ek weet nie, want ekself was nooit betrokke gewees met enige reëlings vir 'n begrafnis nie.

Was dit nie by die huis aan die mense wat die begrafnis daar kom bywoon het uitgelees, die reëls wat daar vasgelê was deur die landdros nie? -- Ek is nie daarvan bewus nie. Dit mag wees dat dit gelees is, maar omdat ek altyd in die K1249 kamer was, was ek nie daarvan bewus nie.

Was dit by die stadion uitgelees aan die mense daar dat daar reëls is wat nagekom moet word? -- Ek weet nie. Ek onthou nie meer nie.

Ek sal dit dan net aan u stel, kan u onthou dat daar 'n reël was en dit was 'n reël dat die oorskot van enige van die

liggame/...

liggame moes per voertuig vervoer word vanaf die huise tot by die begraafplaas? -- Ek weet nie. Ek het nie daarvan gehoor nie.

En dan die volgende voorwaarde wat gestel was, was dat geen baniere met slagspreuke mag gebruik word vanaf die begin van die begrafnis tot sy einde nie? Die begin by die huis tot die einde by die graf nie? -- Ek weet nie daarvan nie.

Die volgende voorwaarde wat gestel word was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Sy weet van geen voorwaardes nie. Weet u van enige voorwaardes wat die landdros gestel het? -- Nee, my man het my niks gesê daarvan nie.

MNR. JACOBS : U het gesê die enigste toespraak wat u werklik onthou is die een van biskop Tutu? -- Ja, ons het geweet hy gaan teenwoordig wees.

Het u goed geluister na sy toespraak? -- Wie is dit nou? Biskop Tutu?

Ja? -- Ja, ek het geluister na die Bybel, die lees van die Bybel en alles wat te doene gehad het met die Bybel en die simpatie wat hy aan die families oorgedra het.

Hy was 'n belangrike man en jy het geluister na sy toespraak, nè? -- Ja, ek het geluister na die simpatie wat ek gehoor het.

En na sy toespraak en alles wat hy gesê het? -- Ja, ek het geluister na wat hy gepraat het

En sal u saamstem dat hy het eintlik 'n politieke toespraak daar afgesteek by daardie geleentheid? -- Watter soort van 'n toespraak is dit waarvan u praat wat 'n politieke toespraak is? Hoe lyk dit?

Goed/...

Goed, ek sal dit aan u stel. Hy het nie net gepraat oor die dinge daar nie, maar hy het gepraat oor die vryheidstryd waarin die swartmense betrokke is? -- Dat daar baklei moet word miskien?

Hy het gepraat oor die vryheidstryd "freedom struggle"? -- Al het hy iets gesê in daardie lyn kan ek nie 'n verskil maak wat dit beteken nie.

Kan u onthou dat hy daaroor gepraat het en die woorde gebruik het "struggle for freedom" of "freedom struggle" of "liberation struggle"? -- Ek onthou nie. Ek sal u sê, 'n ander rede kan wees dat hy Engels gepraat het soos u dit noem. Ek verstaan net nie. Ek volg nie Engels nie. So, ek kan nie vir u sê wat daar gesê is nie.

HOF : Het hy in Engels gepraat? -- Ja, op 'n stadium by sekere gedeeltes van sy toesprake het hy in Engels gepraat. Daar is wel gedeeltes waar hy in Zoeloe gepraat het.

MNR. JACOBS : Watter gedeeltes het hy in Zoeloe gepraat? -- Elke keer as hy na ons verwys, ons die mense, wie se kinders dood was en met verwysing na die Bybel, het hy in Zoeloe gepraat.

Kan jy onthou toe hy verwys het na hierdie mense wat dood is en gesê in sy toespraak dat "In a liberation struggle will always by casualties"? -- Ek sê mos dan ek weet nie wat dit beteken nie.

Is dit dan so dat u kan glad nie betwis dat by hierdie geleentheid dat daar wel politieke toesprake was nie? -- Ek sê al wat ek gehoor het en gevolg het is die woorde wat hy in Zoeloe gebesig het toe hy met ons praat.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Toe hy Engels gepraat het, was wat hy gesê het nie oorgetolk in Zoeloe nie? -- Nee, die tyd

was/...

was min.

MNR. JACOBS : Hoekom sê u die tyd was min? -- Dit was net twee ure gewees wat in die stadion gebruik moet word.

So, was die begrafnis beperk tot twee ure? -- Ja, want ons het daar aangekom om 12h00 en om 14h00 is ons uit die stadium uit.

HOF : Moes julle om 14h00 uit die stadion wees? -- Ja.

MNR. JACOBS : Wie het bepaal dat hierdie begrafnis kon net twee ure duur? -- Ek weet nie wie dit bepaal het nie, maar my man het dit vir my gesê.

Was dit nie ook daar by die stadion afgekondig dat dit net beperk is vir ŉ sekere tyd nie? -- Toe ons vir die eerste keer daar aangekom het, het hulle dit gesê.

HOF : Was daar nog ander mense wat in Engels gepraat het behalwe die biskop? -- Ja, daar was.

ŉ Hele paar? -- Al weet ek nie hoeveel nie, maar dit was nie net een persoon gewees nie.

MNR. JACOBS : So, as u nie kon volg wat in Engels gesê was nie, dan kan u ook nie sê wat die geaardheid van die toesprake was wat daar gelewer is nie?

HOF : Hoekom moet u die ooglopende nog herhaal?

MNR. JACOBS : Ek sal dit daar laat. Weet u daarvan dat daar in Daveyton huurverhogings aangekondig sou gewees het?-- Nee, ek weet nie.

Het julle nie kennis gekry dat daar gaan verhoging wees van die huur nie? -- Ek het nie daardie kennis gekry nie.

Is dit nie so dat daar alreeds vanaf September 1984 baie onluste was en oproer daar in Daveyton nie? -- Van Septembermaand af?

Ja? -- Al was dit daar gewees kan ek nie meer onthou

wanneer/...

wanneer dit was nie.

HOF : Was daar op ŉ stadium onluste en oproer in Daveyton? Op ŉ Stadium? -- Bedoel u na die dood van my kind?

Enige tyd? -- Ek sê dit want dinge wat toe later gebeur het was na my kind se dood gewees.

Kort na of lank na? -- Dit was omtrent maande na die dood, al weet ek nie hoeveel maande nie.

Kan u net vir my sê, niemand het my nog vertel waarom hierdie vier kinders oorlede is nie. Ek weet u was nie by nie, maar wat is u begrip daarvan? Is hulle deur ŉ bus omgery of hoe is hulle oorlede? -- Hulle is nie deur ŉ bus omgery nie. My inligting is dat hulle geskiet was.

Deur wie? -- Dit weet ek nie, want daar was nie stilte gewees in daardie tyd nie.

Hoe bedoel u daar was nie stilte nie? -- Partykeer het die kinders teruggekom van die skool af en dan hardloop hulle. Dan doen hulle verslag dat die polisie orals in die strate was.

Het u gedink dat die polisie hulle geskiet het? -- Ja, ek het so gedink, want hulle is die mense wat die vuurwapens op daardie stadium gehad het.

Waar het dit gebeur? Is dit alles by een plek, een geleentheid wat dit gebeur het? -- Nee, toe ek my kind se lyk gaan kry het by die lykshuis was hy alleen. Hy was nie saam met die ander nie.

Nee, nee, maar het u nooit gehoor - kyk, hy is nou geskiet - waar hy nou geskiet is nie? In Daveyton of op ŉ ander plek? -- Ek het nie gehoor nie. Wat ek wel kan sê is dat ek het die kind winkel toe gestuur.

MNR. JACOBS : Is dit nie so nie dat ten minste op die dag

wat/...

wat die kind geskiet was, was daar onluste en oproer in Daveyton? -- Ek weet nie.

Weet u niks daarvan dat daar moeilikheid was nie? -- Nee, nie daardie dag nie. Ek het dit nie gehoor nie.

Is dit nie so nie dat daar in Daveyton is die huise van raadslede van Daveyton aangeval met klippe en met brandbomme?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Steeds op dié dag?

MNR. JACOBS : Nee, in Daveyton. Ek wil net daar in die geheel kry? -- Al het ek daarvan gehoor is my huis ver geleë vanaf enige raadslid se huis. Dinge wat gesê word van mense dat dit wel gebeur het, glo ek nie so maklik nie.

Is dit reg dat gedurende die tydperk September 1984 tot Februarie 1985 was daar raadslede se huise aangeval en gebrand? -- Nee, ek weet nie.

Het jy nooit gesien dat enige raadslid se huis gebrand is nie of kom jy nooit daar in die woonbuurt nie? -- Ek gaan nie gewoonlik in daardie area van hulle nie.

Het jy kennis gedra dat swartpolisiebeamptes se wonings met klippe en met petrolbomme aangeval was gedurende die tydperk September 1984 tot Februarie 1985? --Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Weet u absoluut niks van polisiebeamptes se huise wat gebrand is nie? -- Nee, ek weet niks nie.

Weet u dat oor hierdie tydperk September 1984 tot Februarie 1985 polisievoertuie van polisie wat gepatrolleer het in die woonbuurt daar, dat dit met klippe aangeval en stukkend gegooi is? -- Nee.

Het u kennis of gesien daarso op enige stadium gedurende hierdie tydperk September 1984 tot Februarie 1985 dat by verskillende geleenthede was daar padversperrings in die

strate/...

strate aangebring in Daveyton? -- Nee.

By die skoleboikotte wat plaasgevind het, weet u van enige insidente wat by skole plaasgevind het? -- Nee, ek weet nie.

Die dag van die begrafnis van 8 September 1984 toe u seun begrawe is, na daardie begrafnis, is dit nie so dat die mense wat daar weggegaan het, het in groepe weggegaan en daar het moeilikheid in Daveyton ontstaan daardie dag nie? -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie.

En dat op daardie selfde dag nog is 'n drankwinkel van die raad geplunder en aan die brand gesteek? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Weet u daarvan dat 'n klomp van die mense wat by die begrafnis was daarvanaf gemarsjeer het na die polisiestasie toe en dat hulle op pad daarheen uiteen gedryf is deur die veiligheidsmagte? -- Nee.

As ek so na u getuienis luister dat u van niks weet nie, volgens u sienswyse en volgens wat u weet was daar niks abnormaals in Daveyton nie en daar het geen onluste of oproer plaasgevind nie. Dit was 'n heel rustige gebied? -- Op die dag van die begrafnis?

Nee, in die tydperk September 1984 tot Februarie 1985, heeltemal 'n rustige kalme plek? -- Ek praat nie van wat gebeur het in die hele Daveyton nie. Ek praat van die onmiddellike omgewing van waar ek woon. In dieselfde jaar 1984 Desembermaand is my man oorlede. Die gewoonte is dat 'n weduwee nêrens heengaan nie. Sy bly maar by die huis. Dus het ek nêrens gegaan nie. Ek het maar by die huis gebly. So, ek praat van wat daar gebeur het waar ek was.

Wil u nou sê dat u het van Desember 1984 af tot

Februarie 1985 nooit uit u huis gekom nie? -- Ek het wel uitgegaan, byvoorbeeld as ek na die winkel toe gaan. Ek het winkel toe gegaan en daarvandaan het ek direk teruggekom huis toe.

Maar u het dus tog uitgekom in die woongebied in? -- Ja, dit is so.

U het ook seker gereeld kerk toe gegaan? -- Nee, ek het nie kerk toe gegaan nie.

Wat u dan aanbetref, dan sal ek my vraag herhaal, in die tydperk September 1984 tot Februarie 1985 was alles rustig in Daveyton gewees? -- Nee, ek was by een plek gewees, soos ek sê. Ek was nie orals gewees nie. Ek sê nie daar het niks gebeur en of dit rustig was nie, maar ek praat van die area waar ek myself bevind het in daardie tyd.

Het u enige ander begrafnisse bygewoon?

HOF : Wanneer?

MNR. JACOBS : Van onlusslagoffers? -- Nee, ek het nie meer na ŉ begrafnis toe gegaan nie.

Het u kennis gedra van enige ander onlusslagoffers se begrafnisse, hetsy in Augustus 1984, September 1984 of daarna tot Februarie 1985? -- Ja, daar is dinge wat ek gehoor het, maar soos ek sê, ŉ ding wat ek nie self gesien het nie, aanvaar ek nie as ŉ ernstige ding nie. So, ek het van dinge gehoor, maar ek het dit nie aanvaar nie, tensy ek dit self gesien het nie.

Het u kennis gedra van ander begrafnisse van slagoffers van onluste? -- Ja, ek het daarvan gehoor.

Wanneer was die begrafnisse gewees? -- Ek kan nie meer onthou nie. Soos ek sê, ek het nie die begrafnisse bygewoon nie. Ek het wel daarvan gehoor, maar ek het nou nie

spesifiek/...

spesifiek ŉ aantekening daarvan gemaak wanneer dit was nie.

Het u gewerk? -- Nee, ek het nie gewerk nie.

Sedert u man se dood? -- Ek het eers begin werk in 1986.

Wat se werk doen u? -- Ek is ŉ huisbediende.

Engels- of Afrikaanssprekende mense? -- Afrikaans.

HOF : In watter dorp werk u dan? -- Benoni.

Is dit u naaste groot dorp? -- Ja.

MNR. JACOBS : Het u skool gegaan? -- Ek was by ŉ privaat skool gewees waar ek opleiding gekry het toe ek nog jonk was. Dit was op die plaas. (10)

Tot standerd? -- Sub B.

So, u kan dan ten minste lees en skryf?

HOF : Ons het netnou gehad dat sy moeilik lees. Sy moes haar kinders kry om vir haar te sê wat staan op die T-hempies.

MNR. JACOBS : U edele, ek het gister in besit gekom van ŉ video oor daardie begrafnis en blykbaar is dit van die oorledene se stoet na die stadion toe en ŉ deel van die gebeure by die stadion wat ŉ Britse kameraman en videoman en verslaggewer geneem het. Ek wil verlof vra dat ek daardie deel aan haar wys en dat sy dit kan sien. Ek wil vra dat die hof (20) net vir ŉ paar oomblikke verdaag dat ons net die ding kan regstel.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

ROSELINA MBONANI, nog onder eed

MNR. JACOBS : U edele, ek wil net sê op die band is daar verskillende tonele. Die tersaaklike deel wat begin by lesing 240 wil ek vra dat die voorgespeel word.

HOF : Kan ek nou net hoor op watter soort masjien ons dit terugspeel, want ons het laas daardie probleme alles gehad.

MNR. JACOBS : Ja, ek sal vir die hof al daardie inligting (30)

gee/...

gee. Dit begin by lesing 240 en daar word gebruik gemaak van 'n National VHS videokassetspeler met die nommer H3KE01866. Die verdediging het gevra of hulle die ander dele kan kry. Hulle is welkom om daarna te kyk op hierdie bewysstuk, maar die tersaaklike deel dink ek wat haar getuienis raak begin by lesing 240.

HOF : Mevrou, kan u goed sien daar? U kan die hele skerm sien? -- Nee, ek kan nie die hele skerm sien nie.

Dit moet so wees dat u die hele skerm kan sien. Ons sal dieselfde prosedure volg as by die ander. Wanneer ons stop op 'n stadium dan moet die nommer gegee word en op rekord geplaas word,

MNR. JACOBS : Op 243 is die COSAS banier. Op 247 word aanhoudend "Voetsêk, Voetsêk" geskreeu.

HOF : Gaan net terug dat ons kan sien wat staan op die banier.

MNR. JACOBS : Ek kan bo lees COSAS en langs die wapen of die logo is Tembisa. "Each one teach one" is op die linkerkant van die skerm en dit lyk vir my dit is dieselfde bewoording aan die regterkant. Wat onder die wapen staan kan ek ongelukkig nie uitmaak nie.

HOF : "Dynamic" iets. Gaan voort.

MNR. JACOBS : Daar word blyk Umkhonto iets gesing. 2580.

HOF : U sal dit moet terugspeel, ek het dit nie gehoor nie.

MNR. JACOBS : Dan is daar nog 'n banier "Forward with democratic SRC's, COSAS Atteridgeville, Saulsville."

HOF : 260.

MNR. JACOBS : Daardie gaan nog steeds oor Umkhonto we Sizwe 165 en daar waar hy nou staan is die groep kiste daarso vertoon. Nou wys dit in die stadion en waar daardie skreeuery

aangaan/...

